OOSTELIKE SINODE

familienuus

OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

Oral kry jy die aanvoeling: die feestyd kom nader. Of dalk sterker gestel: dit móét nóú feestyd word!

Hierdie is 'n tyd waar alles van 2023 afgehandel moet word sodat ons kan rus en vakansie hou. Vir ons is dit ook 'n besondere tyd: ons vier die fees oor God wat Immanuel geword het. Hy is die God wat ons wat ver van Hom af was, kom haal het – soos die pa sy jongste seun gesien het toe hy nog ver was – en na hom toe gehardloop het.

Die Psalmdigter van Psalm 118 skryf 'n heerlike fees-lied. Die volk vier fees! "Dit is die dag wat die Here gemaak het. Laat ons daaroor juig en bly wees!"

Mag Kerstyd 2023 vir jou en jou mense só 'n fees wees...

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Marco Koch van **Tulbagh** het die beroep as leraar na **Tygerpoort** aanvaar.
Hy word op 21 Januarie in die gemeente bevestig.

Mikal Barnes is as Diensleraar by **Pretoria-Oosterlig** bevestig.

Leon Westhof het by **Elarduspark** geëmeriteer. Hy was sy hele bediening in hierdie gemeente.

Jac Pienaar word op 3 Desember in **Pretoria-Garsfontein** bevestig. Hy word dan die kollega van Elzeth, sy vrou, wat vroeër vanjaar in die gemeente bevestig is.

TOERUSTING

Manie Groenewald is betrokke by kleingroepe-opleiding. Hy vertel meer...

Ons weet almal dat erediensbywoning afgeneem het tydens, en na afloop van, die Covid-pandemie. Ook ander gemeentebedieninge is hierdeur geaffekteer. Ek kry die laaste tyd vanuit verskeie oorde die vraag of bediening in kleingroepe nog enigsins relevant is – selfs by `n onlangse Ringsbyeenkoms in Pretoria is deur gemeentes en leraars hieroor gereflekteer. Wel, die antwoord is eintlik baie eenvoudig as jy Hand. 5:42 lees...
“En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.”

Behalwe vir onderrig in die tempel – vandag ons kerkgeboue op Sondae – was mense in huise onderrig. Behalwe vir die onderrig, is omgee vir mekaar (waaroor daar talle NT-tekste is) en gesamentlike uitreik na die gemeenskap en wêreld ononderhandelbaar vir Christengelowiges. Kleingroepe bied `n uiters relevante en noodsaaklike lewensaar binne gemeentes vir onderrig, opbou en uitreik. As mense traag is om in huise te ontmoet, moet ons hulle aktiveer! As lidmate skerm dat hulle te besig is hiervoor, dan ís hulle eenvoudig té besig en moet ons hulle help om te herprioritiseer, want GEESTELIKE GROEI gebeur VEEL MEER IN SIRKELS AS IN RYE in `n kerkgebou.

Die Versnel-werkswinkel sal gemeentes help om oor `n tydperk van 18 maande hul kleingroepe in die gemeente te aktiveer/herorganiseer, te prioritiseer en te belyn met die groter roeping as gemeente van Christus in en vir die wêreld.

Lees meer

KLEIN GEMEENTES

Ons het verlede Maandag 'n heerlike konferensie gehad vir ons klein gemeentes. Ons het gefokus op gemeentes met minder as 200 belydende lidmate (volgens die Jaarboek-statistiek soos deur gemeentes voorsien.)

'n Groep van 30 persone het by Milly's naby Belfast saamgekom. Daar was predikante, kerkraadslede, kantoorpersoneel – almal mense wat in klein gemeentes 'n beduidende bedienings-verantwoordelikheid het.

Carl Louwrens het ons uit die verhaal van Israel se trek uit Egipte geïnspireer met nuwe fokus op ons roeping as gemeentes. Francois Retief het die gesprek gefasiliteer oor klein gemeentes se identitieit en die missionale fokus weg van net instandhouding na die impak wat elke gemeente kan maak. Die verhale wat ons gehoor het, het dit bevestig: klein in nie gelyk aan onbenullig nie. Allermins!

Ons het weer die grootste respek gekry vir die voetspoor wat ons klein gemeentes in hulle gemeenskappe trap. Ons hoor verhale van kospakkies, die versorging van mekaar, inisiatiewe om 'n erediens te kan hê, uitdagings met kategese waar daar min kinders in die gemeente oor is, finansiële besorgdheid oor die toekoms van die gemeente en die groot waardering vir leraars en emeriti wat mekaar help met erediensbeurte sodat iemand bietjie verlof kan neem.

Oostelike Sinode het 'n hart vir ons kleiner gemeentes. Stil-stil doen hulle 'n reuse werk. Dikwels is hulle omgewing besig om te verval, die mense trek weg agter werksgeleenthede aan wat elders is, die paaie is stukkend en veiligheid is 'n bekommernis. Maar Sondag lui die kerkklok, in 'n paar banke sit daar gelowiges. Die kerk – op die voetspoor van die Here Jesus Christus.

Dis 'n voorreg om saam met hierdie gemeentes 'n pad te stap.

BYBEL MEDIA

Bybel-Media het groot spesiale aanbiedinge in hierdie week. Verder is daar inligting oor die Huisgeloof-reeks.

Spesiale aanbedinge

Huisgeloof-reeks

SINODEHUIS GROET ELNA DE BRUYN

Hierdie is uitgawe 446 van ons Familienuus.

Elkeen van hierdie uitgawes is deur Elna de Bruyn in die Sinodehuis versorg. Elna tree einde November af.

Elna is die laaste personeellid in ons Sinodehuis wat - as deel van die ontbondeling van die NG Kerk van Transvaal se Sinodale Sentrum-bedeling - aan Oostelike Sinode toegewys is.

Kollegas sal haar onthou as dié een wat met Binnelandse Sake gestoei het oor huweliksbevestiger-bevoegdheid. Sy kon elke moontlike truuk in die boek – en buite die boek – probeer om te help.

Elna se groot nalatenskap in Oostelike Sinode sal altyd die Woordwyser wees. Hierdie was 'n reuse projek van etlike jare – en Elna het elke boek saamgestel, met kollegas geskakel en mooi gevra vir hulle bydraes, alles redaksioneel versorg, met die drukkers onderhandel - en dit met die grootste noukeurigheid.

Elna het ons argief opgebou van niks af nie. Met Sinodesittings was sy die een wat al die drade bymekaar gehou het. In die Covid-tyd was dit Elna wat ons huidige rekenaar-opset bedink het sodat ons almal deurentyd kon aangaan met ons dienswerk aan gemeentes.

Elna, ons grootste waardering vir die werk wat jy gedoen het vir gemeentes, kerkkantore, die Jaarboek, die Sinodehuis en nog baie meer.

Mag jy en Tienie baie mooi toer-ervarings hê met die karavaan agteraan die bakkie.

Mooi loop.

Oostelike Sinode se mense

Valleisig Vakature: Jeugwerker

Valleisig wil graag 'n voltydse jeugwerker aanstel (Dit is 'n permanente pos met 'n proef-

tydperk van 3 maande). Die belangrikste kwalifikasie is 'n liefde en passie vir jongmense, ander kwalifikasies sal ook inaggeneem word.

Valleisig is 'n NG Gemeente in die ooste van Pretoria met ongeveer 2000 lidmate. Valleisig se jeugbediening kan beter omskryf word as familiebediening aangesien daar baie moeite gedoen word met die integrasie van verskillende ouderdomme.

Valleisig leef haar roeping uit deur heeltyd bewus te wees van en te vra waar God besig is in die wêreld. Valleisig doen dit deur die Bybel baie ernstig op te neem en nie gemaklik te wees met eenvoudige antwoorde nie.

Tans is Valleisig besig om die wêreld van digitale bediening te ontdek en hoe God ons daar wil gebruik.

Ons nooi jou uit om aansoek te doen indien jy jouself sien as 'n:

- **Mobiliseerder** – iemand wat jongmense/jeugleiers kan toerus om geestelik te groei en om uit te vind hoe en waar hulle kan bedien;
- **"Change Agent"** – iemand wat verandering binne die gemeente kan bevorder en ondersteun (hiermee saam is jy bereid om self te verander en te groei);
- **Innoveerder** – iemand wat nuut en pro-aktief oor jeugbediening dink (veral wat digitale bediening aanbetref);
- **Kommunikeerder** – iemand wat jongmense verstaan, met hulle empatiseer, en saam met hulle kan dink en droom oor God se bediening;
- **Origaniseerder** – iemand wat die "lyne" bymekaar kan trek en hou.

**Die jeugwerker se pligte word beskryf aan die begin van die aansoekvorm.*

Jy kan Valleisig beter leer ken deur:

1. Ons app af te laai soek 'Valleisig' in jou app-store
2. Ons webtuiste te besoek www.valleisig.org.za
3. YouTube-kanaal www.youtube.com/c/ValleisigGemeente
4. Facebook-bladblad www.facebook.com/Valleisig

VERGOEDING

'n Mededingende vergoedingspakket sal aangebied word met inagneming van kwalifikasies.

SLUITINGSDATUM

30 November 2023

*Die Gemeenteraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

AANSOEK

Vul asb die aansoekvorm in, en stuur jou CV na kantoor@valleisig.org.za

Vir enige navrae, kontak ons asseblief!

Riaan Visser	Lourens van Deventer
+27 (82) 459-4293	+27 (72) 040-7374

ike Datums

OOSTELIKE SINODE

1 Januarie	Nuwejaarsdag
6 Januarie	Epifanie
14 Februarie	Aswoensdag
1 Maart	Wereldbiddag vir vroue
2 Maart	Wereldbiddag vir mans
21 Maart	Menseregtedag
29 Maart	Goeie Vrydag
31 Maart	Paasfees
1 April	Gesinsdag
27 April	Vryheidsdag
1 Mei	Werkersdag
9 Mei	Hemelvaart

WWW.SINOOS.CO.ZA

Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

Ons webtuiste

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 4 Desember verjaar.

PREDIKANTE

22 November - Johan Koen, Burgersfort
25 November - Chris Bester, Ligkruis

EMERITI

21 November - Gawie Jordaan, VGKSA Lepelle 1995
21 November - Rikus Geyer, Adjunk Uitv Hoof Bybelgenootskap 2011
28 November - Marius Crouse, Goedgegun-Swaziland 2009
29 November - Jan Roos, Volksrust 2002

GEMEENTES

22 November - Kragveld (44)
23 November - Alkmaar (66)
24 November - Middelburg-Suid (72)
1 Desember - Burgersfort (67)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

OOSTELIKE SINODE

Copyright (C) 2023 Oostelike Sinode. All rights reserved.

Our mailing address is:

Want to change how you receive these emails?

You can update your preferences or unsubscribe

INTUIT mailchimp